
# 126 Genade, onbeskryflik groot




Ek is die naam van kind nie werd,
wou self my sake reël.
My lewe, kanse, tyd en geld
is nutteloos verspeel.

Maar U sien ver, oneindig ver;
U sien my honger, dors;
want toe ek kom, my skuld bely,
druk U my aan die bors.

Genade, onbeskryflik groot:
daar’s fees, ek is weer tuis!
U seun bring my, verlore mens,
weer na die vaderhuis.

John Newton (1725-1807) Ttrad. verw. P. Malan